Ark Blitz

Liewe Ouers

God het ‘n hele paar keer vir Abraham sy plan verduidelik. Dit was nie altyd vir Abraham maklik om in God se plan te glo nie. Net mooi wanneer dit vir ons lyk of Abraham uiteindelik vir God glo, doen en sê hy weer iets wat die teendeel bewys. Ons kyk na die 4de gebod.



Beloftes :
Gen 12:1-2 Gen 13:16 Gen 15:1,4,5 Gen 18: 10 Gen 22:16-18



Les 19 PLANDRAERS VERTROU GOD

Maats lees: Gen 18:10 en 22:1-19

Vandag kyk ons hoe die pendulum in Abram se lewe swaai tussen glo en twyfel in God se beloftes. God het Abram geroep en gesê om te trek na ’n vreemde land. God het ’n paar keer vir Abram belowe dat Hy sy plan met hom sal deurvoer. Elke keer as Abraham twyfel herinner God hom weer: “Ek sal jou ’n groot nasie maak en jou seën.....Jou nageslag sal so baie wees soos die stof van die aarde... Kyk na die hemel en tel die sterre as jy kan, so baie sal jou nageslag wees.... Jou naam sal ABRAHAM en jou vrou SARA wees, want Ek maak jou die vader van baie nasies. Sara het ten spyte van die beloftes later bekommerd geraak omdat sy nog nie swanger geraak het nie en ’n kind vir Abraham in die wêreld gebring het nie. Sy besluit toe om self ’n plan te maak en besluit haar slavin, Hagar moet ’n kind by Abraham hê. Dan sou sy die kind as haar eie grootmaak, want Hagar was as slaaf Sara se eiendom. Abraham het ingestem om dit te doen. Die kind is Ismael genoem, maar dit was nie die kind wat God se belofte moes dra nie.

God het op ’n dag drie mans na Abraham gestuur. Nadat Abraham vir hulle kos gegee het, het een iets wonderliks vir Abraham gesê: “Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom en dan sal jou vrou Sara ’n seun hê.” Sara het by haarself gelag toe sy dit hoor, maar God het aan Sara gedink soos Hy beloof het en Sy belofte aan haar nagekom. Sara het ’n seun Isak, in die wêreld gebring, al was sy en Abraham al oor 90 jaar – eintlik te oud om kinders te hê, maar vir God is niks onmoontlik nie. Hy doen wat hy sê hy sal doen.

God het aan Abraham ’n vreemde opdrag gegee. Hy wou sien of Abraham gereed was om ’n plandraer te wees. God het aan Abraham gesê om sy enigste seun Isak, die seun waarvoor hy so lank gewag het, te offer. Hy moes na ’n berg stap wat God vir hom aanwys, ’n klomp klippe opmekaar pak en hout daarop sit, soos wanneer ’n mens ’n vuurmaak om vleis te braai. Abraham moes Isak op die altaar vasbind, hom doodmaak en dan die hout aan die brand steek. So moes hy vir Isak aan God offer. In daardie tyd het mense ’n gesonde skaaplam geoffer, nie mense. Terwyl hulle na die berg geloop het, het Isak vir sy pa gevra: “Pa, ons het hout en vuur maar waar is die lam wat ons moet offer?” Abraham het geantwoord: “My seun, God sal sy eie offerlam voorsien.”

Abraham het die altaar gebou en sy seun daarop vasgebind. Net toe hy vir Isak wou doodmaak, roep die engel uit die hemel: “Abraham, Abraham”. Toe sê God: “Los jou seun. Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy my dien, jy het nie geweier om jou enigste seun aan My te offer nie.” Toe Abraham opkyk sien hy ’n skaapram om in die plek van Isak te offer. Uiteindelik! Abraham het ten volle op God die Meester planmaker vertrou en Abraham was God se plandraer. Gereed om die plan na die mense te dra.